

POLICY 033/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP: HANTERING VAN PETISIËS WAT AAN DIE RAAD OORHANDIG WORD

VERWYSING: 12.2.3.5.35

BESLUIT NR: 16.9/12/2015

DATUM: 3 Desember 2015

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS: Die Raad erken die Grondwetlike reg van inwoners om deur middel van petisië hulle behoeftes en griewe aan die Raad oor te dra.

RIGLYNE

Die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, maak in Artikel 17 voorsiening vir die reg vir die gemeenskap om hulle behoeftes en nood deur middel van, onder andere, petisië bekend te maak. Die Munisipale Stelselwet, 2000, bepaal in Artikel 17(a), soos volg:

"(2) A municipality must establish appropriate mechanisms, processes and procedures to enable the local community to participate in the affairs of the municipality, and must for this purpose provide for -

(a) the receipt, processing and consideration of petitions and complaints lodged by members of the local community;"

PROSEDURE

1. 'n Aansoek vir 'n optog word deur die organiseerders by die Verkeersafdeling ingedien, dat 'n petisie aan die Raad oorhandig sal word.
2. Die Verkeersafdeling verwittig die Kantoor van die Burgemeester en Speaker van die aansoek.
3. Petisië word aan die Speaker of 'n Raadslid deur hom/haar aangewys, ontvang.
4. 'n Afskrif van die petisie word, onmiddellik na ontvangs, deur die Administratiewe Beampte in die Kantoor van die Burgemeester / Speaker aan die Regsafdeling voorsien.
5. Die Regsafdeling vra die nodige kommentaar van die relevante afdelings aan en berei die nodige item voor vir voorlegging aan die Uitvoerende Komitee.
6. Die Uitvoerende Komitee bespreek die petisie en maak 'n aanbeveling aan die Raad.
7. Die Raad oorweeg die aanbevelings van die Uitvoerende Komitee en bekragtig en/of wysig die aanbevelings.
8. Die Regsafdeling oorhandig die Raadsbesluit skriftelik aan die betrokke persone soos aangewys op die petisie.

ROLLE

Speaker

Kantoor van die Burgemeester & Speaker

Direkteure

Regsafdeling

VERWANTE BELEID

Wet op Reëlins van Byeenkomste, 1993 (Wet 205 van 1993)

Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)

Beleid insake Straatafkondigings en Optogte."